

7 April

SKRIF: Lukas 23:18-22

Toe die mense hoor wat Pilatus wou doen, het hulle hard geskreeu: “Weg met daardie man! Maak hom dood! Laat Barabbas los!”

Barabbas was in die tronk omdat hy in ‘n opstand teen die Romeine gekom het. Hy was ook ‘n moordenaar.

Pilatus wou nie vir Jesus doodmaak nie. Hy sê toe vir die skare dat Jesus losgelaat moes word. Maar hulle het nog harder geskreeu: “Kruis toe met Jesus! Kruis toe met Jesus!” So het dit vir ‘n lang ruk aangehou.

Toe maak Pilatus die skare vir die derde keer stil en vra vir hulle: “Wat het hierdie man gedoen dat julle hom wil dood hê? Ek sê vir julle, hy is onskuldig! Ek sal dat my soldate hom ‘n goeie pak slae gee. Daarna laat ek hom los.”

AANDAG: Pilatus gee vir mense ‘n keuse. Hulle moes kies tussen Jesus en Barabbas. Wie was Barabbas en hoekom was hy in die tronk?



NEEM DIT AAN: Ons moet elke dag baie keuses maak. Party keuses is maklik en nie so belangrik nie, bv. Watter klere om aan te trek. Sal ek ‘n KitKat of ‘n BarOne koop? Noem nog ‘n paar maklike keuses wat mens moet maak.


Ander keuses is moeilik en dalk ook baie belangrik, bv. Watter maats moet ek kies om mee te speel? Noem nog ‘n moeilike keuse.

Dis nie altyd maklik om te weet wat is reg en wat is verkeerd nie. Waar moet ons soek vir die regte riglyne?

Vra vir jou ouers wat dink hulle sou gebeur het as die mense gekies het om Jesus vry te laat?

Luister na Jac de Priester se lied: “Fyn lyn”.

GEBED: Here, Help ons almal om elke dag die regte keuses te maak, want dit wat ons kies, het ook ‘n invloed op ander mense se lewens.



8 April

SKRIF: Lukas 23:23-25

Maar die skare wou nie hoor nie. Hulle het net al harder geskreeu dat Jesus gekruisig moet word. Uiteindelik het Pilatus ingegee: “Nou goed, laat hy gekruisig word!”


Pilatus het toe vir Barabbas losgelaat wat in die tronk was. Die soldate het vir Jesus weggevat om gekruisig te word.

AANDAG: Gesels met mekaar en hoor of julle dink dit wat Pilatus gedoen het was reg.



NEEM DIT AAN: Partykeer doen mens dinge omdat jou maats dit doen, maar jy wil dit nie eintlik regtig doen nie. Dit is groepsdruk. Het jy al iets onder groepsdruk gedoen wat jou spyt laat voel het? Wil jy dit met iemand bespreek?

GEBED: Praat met die Here oor groepsdruk wat jy al ervaar het. Gebruik die handgebed om vir jouself, jou maats en die onderwysers te bid.



9 April

SKRIF: Lukas 23:26-31

Die soldate het Jesus weggevat na die plek buitekant die stad waar die mense gekruisig is. Langs die pad sê hulle vir 'n man om Jesus se kruis te dra. Sy naam was Simon. Hy het uit Sirene in Afrika gekom.

Baie mense het ook agter Jesus aangestap. 'n Klompie vrouens het hardop gehuil. Toe draai Jesus om en sê vir hulle: "Moenie oor My huil nie. Huil liever oor Jerusalem. Want vir julle en julle kinders gaan dit baie swaar wees hier. Die mense sal almal doodgemaak word. Hulle sal probeer wegkruip, maar dit sal nie help nie.

"Jerusalem maak My dood omdat Ek vir hulle die lewe wil kom gee. Hulle moet niks goed verwag nie. Jerusalem is soos 'n klomp dooie takke op 'n hoop. Hulle gaan een van die dae aan die brand gestee word."

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se verse. Gebruik die leidrade: Jesus doodmoeg - kruis swaar - vroue huil Jesus praat - Jerusalem wou nie luister nie - hulle gaan swaarkry.



NEEM DIT AAN:

Was jy al verskriklik moeg?

Het jy al iemand gesien wat geslaan was dat die bloed loop - dalk in 'n fliet?


Dink bietjie hoe moeg en swak was Jesus

In die Ou Testament lees ons van die stad Sodom. Hoekom het God die hele stad vernietig? (Gen 18:20)

Die stad Nineve se mense was ook so sleg dat God hul 40 dae tyd gegee het om hul harte vir Hom te gee. Hul het so geskrik dat hul vergifnis gevra het en begin het om reg te lewe. Het God hul toe vernietig? (Jona 3:8-10)

Nou lees ons dat Jesus Jerusalem waarsku dat hul swaar gestraf gaan word. Wat dink jy het toe met Jerusalem gebeur?

GEBED: Bid die 5-vinger gebed vir ons stad, dat Pretorianers vir Jesus sal leef. Bid vir jou familie en vriende (duim), vir die skole, hospitale, Polisie en die kerk (wysvinger), vir die Munisipaliteit (middelvinger), vir armes en siekes (ringvinger) en vir jouself (pinkie). Vra dat God ons sal vergewe vir ons sondes.



10 April

SKRIF: Lukas 23:32-34

Jesus is nie alleen gekruisig nie. Twee slegte mense is ook saam met Hom op Golgota (dit beteken: die Plek van die Kopbeen) gekruisig.

Aan die kruis het Jesus vir God gesê: “My Vader, vergewe hierdie mense. Hulle weet nie wat hulle doen nie.” Maar die soldate het hulle nie aan Hom gesteur nie. Hulle het sy klere onder mekaar verdeel deur lootjies te trek.

AANDAG: Gesels met mekaar oor vandag se verse.

Terwyl Jesus aan die kruis vasgespyker is en die mense besig was om Hom te bespot, bid Hy dat God hulle moet vergewe. Dit was Sy eerste kruiswoorde.

Jesus se hart is so vol liefde dat Hy die soldate jammer kry omdat hulle nie besef dat hulle besig is om die Seun van God self dood te maak nie. Hulle steur hulle nie eers aan Jesus nie. Jesus sal ons ook altyd vergewe maar dit beteken nie dat ons moet aanhou om verkeerde dinge te doen nie. Jesus word elke keer hartseer as ons sonde doen.



Kruiswoorde:

1. My Vader,
- 2.
- 3.
- 4.
- 5.
- 6.
- 7.


NEEM DIT AAN:

Dink oor die emosies van al die verskillende mense in die gedeelte. Probeer om hul emosies te beskryf.

Hoe voel jy as jy die gedeelte lees?

Die volgende paar dae gaan ons lees wat is al die woorde wat Jesus aan die kruis gese het. Neem 'n papier en skryf die syfers van 1 tot 7 onder mekaar. Skryf die eerste kruiswoorde wat ons vandag gelees het neer. Vul dit elke dag aan totdat jy al 7 opgeskryf het.

GEBED: Jesus, dankie dat U my vergewe. Help my asb om nie sonde te doen nie. Amen



11 April

SKRIF: Lukas 23:35-38

Baie mense het na Golgota toe gegaan om te sien hoe Jesus gekruisig word. Die godsdienstige leiers het Hom gespot: “Ons het gehoor hoe hy ander mense red. Nou is hy self in die moeilikheid. Hy kan niks doen nie.” Hulle sê toe vir Jesus: “Nou toe, klim van die kruis af! Wys ons jy is regtig die Messias.”

Die soldate het ‘n lap vol asyn in Jesus se mond gedruk. “Hier hang die koning van die Jode,,” het hulle laggend gesê. “Wys ons hoe sterk is jy. Klim van die kruis af!” Bokant Jesus se kop was ‘n nota: “Hierdie man is die koning van die Jode.”

AANDAG: Hoekom het Jesus nie homself gered nie?

Want: hy kon dit doen, niks is vir hom onmoontlik om te doen nie;

Maar: as hy dit sou doen was hy ongehoorsaam aan God;

En: dan sal ek en jy, wanneer Jesus ons kom haal, al die pyn en die bangwees om sonder God te wees, moes voel soos Jesus

Daarom: omdat Jesus baie lief is vir ons, het hy homself nie gered nie. Elke keer wat ons verkeerde dinge doen, is ons ook besig om Jesus te bespot, want ander mense sal dan nie weet dat ons aan Jesus behoort nie.




NEEM DIT AAN:

Teken ‘n kruis, skryf bo aan die kruis - Koning van die Jode

Teken of soek prentjies van ‘n doringkrans, spykers en hand met spykers ingeslaan. Plak dit by die kruis wat jy geteken het of maak ‘n collage daarvan.

Kyk elke Sondag na die kruis voor in die kerk.

GEBED: Jesus dankie dat U ons lief het.



12 April

Lukas 23:39-43

Later het een van die mans wat saam met Jesus gekruisig is, ook met Hom gespot: “As jy regtig die Messias is, kry ons van die kruise af!”

Die man aan die ander kruis het hom stilgemaak: “Het jy nie respek vir God nie? Ons twee verdien om hier te hang, want ons is skelms. Maar daardie man het niks verkeerd gedoen nie.”


Toe sê hierdie man vir Jesus: “Jesus, dink asseblief aan my wanneer U in die hemel aankom!”

“Ek het baie goeie nuus vir jou!” antwoord Jesus. “Jy gaan nie meer na die doderyk toe nie. Nee, jy gaan saam met My na die paradys toe. Vandag nog!”

AANDAG: Geen sonde is te groot vir God om te vergewe nie.

Maak seker dat jy jou lewe (jou hart) vir Jesus gegee het.

Net as jy aan Jesus behoort sal jy ook dadelik by Jesus wees wanneer jy sterf.



NEEM DIT AAN: Teken drie kruise op ‘n heuwel en skryf wat die rower aan die linkerkant vir Jesus gesê het en wat die rower aan die regterkant vir Jesus gesê het.

Die middelste kruis is Jesus, wat het Hy vir die rower gesê?

Die tweede kruiswoord: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” (Luk 23:43) Skryf dit op die lys wat jy gemaak het van die kruiswoorde.

GEBED: Kom ons bid hierdie saam om ons lewe (hart) vir Jesus te gee.

Jesus vergewe alles wat ek verkeerd gedoen het.

Ek gee my lewe (hart) vir U.

Help my om elke dag aan u gehoorsaam te wees.

Dankie dat u lief is vir my. Amen